

# ATKV-Eiland Spa

Jeugtuiste

*Pret vir die jongklomp*



Eiland Spa: 015 386 8000 | [eilandspa@atkv.org.za](mailto:eilandspa@atkv.org.za)  
[www.eilandspa.co.za](http://www.eilandspa.co.za) | [www.facebook.com/ATKVOORDE](https://www.facebook.com/ATKVOORDE)

EILAND SPA





Om 'n groep kinders op 'n skooltoer te neem, is nie vir sissies nie! Nou kan jy ophou kopkrap oor die volgende leierskamp of spanbou-wegbreek. ATKV-Eiland Spa se jeugtuiste bied 'n veilige omgewing waar die jongklomp na hartelus kan baljaar.

Die jeugtuiste kan 88 persone akkommodeer en is perfek vir enige skool- of kerkgroep. Die tuiste bestaan uit twee vleuels met badkamers en kamers vir onderwysers of toesighouers. Dit bestaan verder uit 'n goed-toegeruste kombuis en 'n eet- of vergader-area met 'n braaiplek en opwasgeriewe aan die buitekant. Al die fasiliteite van die oord is tot beskikking van besoekers aan die jeugtuiste.

## Fasiliteite

Besoekers aan ATKV-Eiland Spa se jeugtuiste het ook toegang tot al die fasiliteite op die oord:

- Warmwater-mineraalbad
- Kouewaterswembad en plaspoel
- Waterwurm
- Gimnasium
- Mini-gholf
- Staproetes
- Fietsry
- Voëlverkenning
- Visvang
- Tennis
- Vlugbal



## Aktiwiteite

- Rekreasieaktiwiteite
- Sokkies
- Buitelug-filmvertoning
- Besoek aan die *Tsonga*-opelugmuseum: "Muti wa Vatsonga" binne die *Hans Merensky*-natuurreserveaat
- Lewensvaardighede
- Perderitte

## Besienswaardighede

Behalwe vir al die aktiwiteite op die oord, is daar ook 'n groot verskeidenheid toeristeaantreklikhede in die omgewing, insluitend die reusekremetartboom, die predatore-park, die *Agatha*-krokodilplaas en die *Coach House*-nougatfabriek

Bespreek sommer vandág nog 'n groepwegbreek by ATKV-Eiland Spa se jeugtuiste vir 'n onvergeetlike ervaring.

